
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2025

## BESIGHEIDSTUDIES

## (VRAESTEL 2)

BESIGHEIDSTUDIES V2

C2722A

**TYD:** 2 uur

**PUNTE:** 150

**9 bladsye**

X05

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van elke antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punt- en tydtoewysing wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe vrae**<br><br>**VERPLIGTEND.** | **1** | **30** | **20** |
| **B: DRIE direkte/indirekte vrae**<br><br>**KEUSE:**<br>**Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **70** |
| | **3** | **40** | |
| | **4** | **40** | |
| **C: TWEE opstel-tipe vrae**<br><br>**KEUSE:**<br>**Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord van ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy kan 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word verskaf as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die direkteure van Duiker Bpk. het ... -aandele aan hul aandeelhouers uitgereik as vergoeding vir onbetaalde dividende.

A voorkeur
B bonus
C stigters
D gewone

1.1.2 Werknemers met 'n lae moraal kan geïnspireer word deur die insig en persoonlikheid van ... leiers.

A demokratiese
B outokratiese
C laissez-faire
D charismatiese

1.1.3 Besighede wat bates vir meer as die markwaarde verseker, sal nie 'n uitbetaling ontvang wat groter is as die verlies teen markwaarde nie. Dit staan bekend as ...

A oorversekering.
B herinbesitstelling.
C verpligte versekering.
D onderversekering.

1.1.4 Yasir Handelaars ontwikkel remediërende programme om die omgewing te beskerm deur besoedeling te verminder om te voldoen aan ... as 'n King Kode-beginsel.

A deursigtigheid
B verantwoordelikheid
C aanspreeklikheid
D professionaliteit

1.1.5 Hierdie proses word dikwels deur een persoon onderneem, wat dit outoritêr maak.

A Analise
B Dinkskrum
C Besluitneming
D Probleemoplossing

(5 x 2) (10)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| eenvoudige; onprofessioneel; nie-versekerbaar; effektetrust; besluitneming; professionele; probleemoplossing; versekerbaar; RSA Kleinhandel-spaareffekte; saamgestelde |

1.2.1 Laizah verdien ... rente bereken op die hoofbedrag en opgehoopte rente.

1.2.2 KG-tekstiele word deur veranderinge in die mode beïnvloed. Dit is 'n voorbeeld van 'n ... risiko.

1.2.3 Minderjariges word aangemoedig om te belê in ... met die hulp van 'n wettige voog.

1.2.4 Die eienaar van Peter Fast Food word verdink van ... gedrag omdat hy spesiale gunste aan sommige werkers gee.

1.2.5 Die proses om 'n situasie te ontleed om strategieë te identifiseer om verandering teweeg te bring, staan bekend as ....

(5 x 2) (10)

GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS

Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv., 1.3.6 K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Situasionele leierskapsteorie | A | van toepassing wanneer eiendom onderverseker is |
| 1.3.2 | Likiditeit | B | vermoë om na 'n uitdaging te kyk en met oorspronklike, en innoverende oplossings vorendag te kom |
| 1.3.3 | Herinbesitstelling | C | hang daarvan af dat werkers verandering omhels en die moraal van werknemers bevorder |
| 1.3.4 | Kreatiewe denke | D | bates word verkoop om krediteure te betaal weens 'n gebrek aan kapitaal |
| 1.3.5 | Onetiese sakepraktyk | E | hang af van die verhouding wat tussen die leier en werknemers bestaan |
| | | F | betaal werknemers onbillike lone |
| | | G | bates kan vinnig gekoop of verkoop word en kan maklik in kontant omgeskakel word |
| | | H | van toepassing wanneer eiendom oorverseker is |
| | | I | betaal werknemers WVF-voordele |
| | | J | vermoë om na 'n uitdaging te kyk en die probleem te identifiseer |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African
GAUTENG PROVINCE EDUCATION REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy, ensovoorts.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem enige VIER faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word. (4)

2.2 Beskryf kortliks die rol van persoonlike houding in suksesvolle leierskap. (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MASHAWU TEËL VERSKAFFERS (MTV)**

Venus is die eienaar van Mashawu Teël Verskaffers. Hy beloon werknemers as hulle die verkoopsdoelwitte asook die besigheid se doelwitte bereik.

2.3.1 Identifiseer die leierskapstyl wat deur MTV in die scenario hierbo gebruik word. (2)

2.3.2 Verduidelik situasies waarin die leierskapstyl wat in VRAAG 2.3.1 geïdentifiseer is, in die werkplek toegepas kan word. (4)

2.4 Bespreek die impak van aandele as 'n vorm van belegging. (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**JUDE GASTEHUIS (JG)**

Jude het 'n gastehuis vir R800 000 gekoop, maar hy het dit vir R500 000 verseker. 'n Storm het 'n gedeelte van die gastehuis vernietig, met skade geraam op R300 000.

2.5.1 Noem die versekeringsklousule wat van toepassing is op die scenario hierbo. (2)

2.5.2 Bereken die bedrag wat Jude as vergoeding van die versekeraar sal ontvang. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.6 Beskryf *bybetaling* as 'n versekeringskonsep. (6)

2.7 Gee besighede raad oor *skuldbriewe* as 'n tipe beleggingsgeleentheid. (6)
**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE**

3.1 Noem enige VIER probleemoplossingstappe. (4)

3.2 Beskryf kortliks die betekenis van professionele gedrag. (6)

3.3 Identifiseer die tipe onetiese sakepraktyk van toepassing op Thandi se Salon in ELKE stelling hieronder:

3.3.1 Thandi vervals die finansiële state van die onderneming.

3.3.2 Die salon verkoop tweedehandse goedere as nuwe goedere.

3.3.3 Thandi vra hoër pryse vir goedere van minderwaardige gehalte. (6)

3.4 Verduidelik die impak van die Delphi-tegniek in die oplossing van komplekse besigheidsprobleme. (6)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**MIKE SE REKENAARS BPK. (MR)**

Mike se Rekenaars verkoop rekenaars en bykomstighede. Mike maak seker dat daar gereelde kommunikasie tussen die direkteure en aandeelhouers is. Hy doen ook transaksies openlik sodat daar geen korrupsie is nie.

Identifiseer TWEE King Kode-beginsels vir goeie korporatiewe bestuur wat deur MR toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.5 te beantwoord.

| KING KODE-BEGINSELS | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.6 Bespreek die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. (6)

3.7 Gee besighede raad oor hoe hulle die dinkskrum-probleemoplossingstegniek kan toepas om komplekse besigheidsprobleme op te los. (6)

**[40]**

SA EXAM PAPERS

Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**

**BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

4.1 Noem enige VIER tipes voordele wat deur die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) uitbetaal word. (4)

4.2 Brei uit oor die betekenis van *bestuur*. (4)

4.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

| **ROBERT SKOENE (RS)** |
|---|
| Robert Skoene is besig om surplusfondse te belê by ’n finansiële instelling. Hulle het belê in 'n vorm van belegging waar rente teen 'n vaste koers verdien word, ongeag veranderinge in die ekonomiese klimaat. |

4.3.1 Identifiseer die vorm van belegging wat van toepassing is in die scenario hierbo. (2)

4.3.2 Bespreek die impak van die vorm van belegging, geïdentifiseer in VRAAG 4.3.1. (4)

4.4 Stel situasies voor waarin die *laissez-faire-leierskapstyl* toegepas kan word. (6)

**BESIGHEIDSROLLE**

4.5 Beskryf in breë trekke voorbeelde van etiese gedrag. (4)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **JANINE VERMAAK (JV)** |
|---|
| Janine Vermaak ervaar 'n toename in werknemersomset. JV het hul werknemers versoek om idees stilweg op hul eie te genereer voordat hulle dit deel. |

4.6.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek wat deur JV in die scenario hierbo toegepas word. (2)

4.6.2 Verduidelik ander maniere waarop JV die probleemoplossingstegniek geïdentifiseer in VRAAG 4.6.1. kan toepas. (4)

4.7 Bespreek die voordele van die kragveldanalise-probleemoplossingstegniek vir besighede. (4)

4.8 Beveel maniere aan waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder. (6)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS

Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGINGSVERSEKERING)

Die meeste besighede kan duidelik onderskei tussen versekering en assuransie. Hulle verstaan dat hulle kan baat vind deur te belê in versekering wat vir hul behoeftes aangepas is. Hulle pas die beginsels van versekering toe wanneer hulle 'n versekeringskontrak aangaan. Daar word ook van besighede verwag om by te dra tot verpligte versekering.

Skryf 'n opstel oor versekering waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die verskille tussen *versekering* en *assuransie*.
- Verduidelik die voordele van versekering vir besighede.
- Bespreek die volgende beginsels van versekering:
  - Vrywaring/Skadeloosstelling
  - Uiterste goeie trou
- Gee besighede raad oor die Padongelukkefonds (POV)/ Padongelukkevoordeelskema (POVS) as 'n tipe verpligte versekering. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (ETIEK EN PROFESSIONALITEIT)

Korporatiewe bestuur verseker dat etiese en professionele gedrag tydens die daaglikse bedrywighede van ’n besigheid gehandhaaf word. Die meeste besighede streef daarna om hulle integriteit te handhaaf deur op professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe wyse op te tree. Daar word ook van hulle verwag om hul bedrywighede op 'n professionele wyse uit te voer en strategieë te ontwikkel om enige onprofessionele uitdagings wat mag voorkom, aan te spreek.

Skryf 'n opstel oor etiek en professionaliteit waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Brei uit oor die betekenis van etiese gedrag.
- Verduidelik maniere waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyke uitgevoer moet word.
- Bespreek hoe die DRIE tipes onprofessionele sakepraktyke uitdagings vir besighede inhou.
- Beveel maniere aan waarop besighede hierdie tipe onprofessionele sakepraktyke kan hanteer. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African